

Konsep-besprekingsdokument vir die ABN

Prof Deon Geldenhuys [UJ]

3 Februarie 2011

‘n Strategie vir groter kulturele vryheid in Suid-Afrika

Die Afrikaner op pad na 2020 – Scenario-perspektiewe is die titel van ‘n verslag wat proff. André Duvenhage en Jaap Steyn in 2010 in opdrag van die ABN opgestel het. Dit bied ‘n diepgaande ontleding van die omgewing waarin Afrikaners hulle op pad na 2020 kan bevind en sluit af met twee uiterste scenario’s. Die skrywers tipeer die beste saak-scenario vir die Afrikanergemeenskap as die Bart Nel-scenario, gekenmerk deur ‘vasberadenheid, selfrespek, ‘n besef van eiewaarde, moed en hoop’. Die teenoorgestelde of slegte saak-scenario, uitgebeeld as die Louis Trigardt-scenario, is een waarin Afrikaners ‘deur gevoelens van ondergang en wanhoop’ oorweldig word.

In opvolging van die scenario-verslag, doen hierdie besprekingsdokument ‘n strategie aan die hand om vir die breë Afrikaanse gemeenskap ‘n leefbare toekoms in Suid-Afrika in 2020 en daarna te help verseker. Die sleutel tot so ‘n toekoms, word hier geargumenteer, lê in die uitbouing van kulturele vryheid in Suid-Afrika. ‘n *Strategie* vir kulturele vryheid behels ‘n sistematiese plan van optrede om daardie oorhoofse doelwit te bereik.

Die mees gesaghebbende uiteensetting van die idee van kulturele vryheid kom van die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UN Development Programme, UNDP). In die UNDP se *Human Development Report 2004: Cultural Liberty in Today’s Diverse World* word kulturele vryheid omskryf as *die vryheid wat mense het om hul identiteit te kies – om te wees wie hulle is en wie hulle wil wees – en om te leef sonder om as gevolg daarvan benadeel te word in ander keuses wat vir hulle belangrik is, soos onderwys, taalbenutting en werksgeleenthede.*

Die begrip van ‘kultuur’ wat hier ter sprake is, stem ooreen met die definisie daarvan in die Universele Deklarasie oor Kulturele Diversiteit wat in 2002 deur UNESCO (die VN se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie) aanvaar is: ‘...culture should be regarded as the set of distinctive spiritual,

material, intellectual and emotional features of society or a social group, and that it encompasses, in addition to art and literature, lifestyles, ways of living together, value systems, traditions and beliefs'. Kulturele vryheid wil gemeenskappe die ruimte gee om hul kulturele identiteit vrylik te kies en uit te leef.

Die *Human Development Report 2004* propageer kulturele vryheid vir state met multikulturele bevolkings en bevat selfs 'n bloudruk vir die vestiging en verstewiging van kulturele vryheid in heterogene samelewings. Hierdie verslag van die UNDP verskaf die grondslag vir die strategie wat in die huidige besprekingsdokument voorgestel word.

Vertrekpunte

Die voorgestelde strategie vir kulturele vryheid in Suid-Afrika is per definisie toekomsgerig: dit poog om 'n wenslike toekomstige situasie te help skep en, omgekeerd, 'n onwenslike situasie te probeer voorkom. In sowel die formulering as implementering van die strategie het ons onvermydelik met allerlei onsekerhede en onvoorspelbaarhede te kampe. Daarom berus die strategie op 'n aantal aannames gebaseer op die gedagte dat 'the future is not knowable, but imaginable'.

- Afrikaners, oftewel wit Afrikaanstaliges, vorm deel van (en is 'n krimpende minderheid binne) 'n groter Afrikaanse gemeenskap waarin taal die vernaamste samebindende faktor is. In hierdie besprekingsdokument gaan dit om kulturele vryheid vir 'n inklusiewe Afrikaanse gemeenskap wat divers in kleur, politiek en godsdiens is.
- Nòg die Louis Trigardt-scenario nòg die Bart Nel-scenario is voorafbestem of vanselfsprekend. Die werklike toekoms mag uit 'n kombinasie van die twee scenario's bestaan, d.w.s. 'n middeweg tussen die slegte saak- en beste saak scenario.
- Die kernveranderlikes wat Suid-Afrika se toekoms kan bepaal (en in Duvenhage en Steyn se verslag uiteengesit word), val grotendeels buite die Afrikaanse gemeenskap se beheer. Selfs al is Afrikaners sedert 1994 aan die ontvang- eerder as die uitdeeltant van bindende besluite oor Suid-Afrika se politieke spelreëls, het hulle veral in die konteks van die breë Afrikaanse gemeenskap steeds voldoende politieke beweegruimte om iets konstruktiefs aan hul lot in Suid-Afrika te doen.

- Ongeag emigrasie, sal die oorgrote meerderheid van vandag se Afrikaners in 2020 steeds in die land wees; die emigrasiestroom kan selfs verklein indien 'n meer aanvaarbare leefwêreld vir die Afrikaanse gemeenskap hier geskep kan word.
- 'n Afrikaanse leefwêreld staan viervoet binne die groter Suid-Afrikaanse samelewing en daarom moet die Afrikaanse gemeenskap ook in sy eie belang tot die welstand van die ganse Suid-Afrikaanse nasie bydra.

Die universele behoefte aan kulturele vryheid

Die *Human Development Report 2004* se uitgangspunt is dat die wêreld vandag die opkoms van 'identiteitspolitiek' beleef. Dis 'n proses wat gedryf word deur drie faktore: verontregting, globalisering en demokratisering.

* In reaksie op die onderdrukking van hul kulturele identiteite in die vorige eeu, mobiliseer mense in baie wêrelddele rondom ou griewe volgens etniese, kulturele, godsdienstige en rasse-verdelingslyne. Hulle eis dat hul identiteite deur die breër samelewing erken, waardeer en geakkommodeer moet word.

* In hierdie era van globalisering is daar by baie gemeenskappe en lande die vrees dat plaaslike kulture verswelg kan word. Vasbeslote om hul eiesoortigheid te behou, benut hierdie groepe en state die geleentheid wat globalisering bied om makliker as ooit internasionale netwerke en koalisies te vorm.

* Die verspreiding van demokrasie oor die wêreld heen bied aan ontevrede groepe meer openbare ruimte as vantevore om politieke druk op hul eie en buitelandse regerings uit te oefen.

Groepe wat identiteitspolitiek bedryf, streef na die vryheid om hul taal te praat, hul kulturele erfenis te vier, en hul godsdiens openlik te beoefen – sonder enige vrees vir diskriminasie of straf deur ander groepe of die owerheid. Hulle eis m.a.w. *kulturele vryheid*, wat op sy beurt 'n belangrike element van menslike vryheid is en derhalwe aan die idee van menseregte gekoppel is.

Die ontsegging van kulturele vryheid gebeur wanneer die waardes, instellings en lewenswyses van kulturele groepe nie erken of gerespekteer word nie en daar op grond van hul kulturele identiteit teen mense gediskrimineer word. Die UNDP-verslag verwys hierna as 'kulturele uitsluiting'. Dit neem twee vorme aan en miljoene mense wêreldwyd is die slagoffers daarvan.

Die eerste is lewenswyse-uitsluiting ('living mode exclusion') en beteken dat die lewenstyl wat 'n groep verkies, nie erken en geakkommodeer word nie; die aandrang is dat almal dieselfde lewenswyse moet volg. Voorbeelde is beperkinge op die beoefening van bepaalde groepe se godsdiens, taal en kultuur. Daarbenewens kan 'n nasionale taal in die openbare sektor en onderwys afgedwing word, en staatsimbole ingevoer word wat die geskiedenis en kultuur van dominante groepe weerspieël. Die mees ekstreme voorbeeld van lewenswyse-uitsluiting is volksmoord, gevolg deur etniese suiwering. Lewenswyse-uitsluiting kan selfs in welvarende en demokratiese state voorkom. Hiervan kan o.a. die Katalane in Spanje en die Franssprekende gemeenskap van Quebec (Kanada) getuig.

Die tweede soort benadeling is deelname-uitsluiting, waar teen mense gediskrimineer word t.o.v. sosiale, politieke en ekonomiese geleenthede op grond van hul kulturele identiteit (bv. indiensneming, behuising, skole en politieke deelname). Hiervan het o.a. Noord-Ierland se Katolieke minderheid en die Tamil-minderheid in Sri Lanka baie ervaring.

Die verwesenliking van kulturele vryheid

Hoe kan kulturele vryheid in praktyk verseker word? Demokrasie en grondwetlike waarborge van individuele politieke regte is nie voldoende nie. Die *Human Development Report 2004* stel dit prontuit: '...while democracy is the only form of government consistent with all freedoms (including cultural freedoms), majoritarian rule does not always protect claims for cultural recognition and respect'. Selfs wanneer lede van minderhede gelyke politieke regte in 'n demokrasie het, 'they may be consistently underrepresented or outvoted, and so view the central government as alien and oppressive'. Vandaar dat minderhede hulle verzet teen so 'n bewind – wat as 'n tirannie van die meerderheid beleef word - en op meer politieke mag vir hul groepe aandrang.

Die UNDP se verslag bepleit gevolglik multikulturele beleide op verskeie terreine en verklaar boonop dat die bevordering van kulturele vryheid 'n sleuteltaak van regerings is – 'even where there are no explicit policies of persecution or discrimination'. 'n Kerngebied is dié van politieke deelname: die verslag doen multikulturele demokrasie in die vorm van doeltreffende magsdeling tussen kultureel diverse groepe aan die hand. Federalisme bied 'n beproefde formule, soos dit neerslag vind in o.m. Kanada, Spanje, Rusland en Maleisië. Die UNDP verwys ook na konsosiasie as 'n manier om politieke deelname te verseker vir kultureel diverse groepe wat verspreid oor die land woon. Dit behels die toepassing van die beginsel van proporsionaliteit op vier terreine: magsdeling op uitvoerende vlak;

proporsionele verteenwoordiging in verkose instellings; kulturele outonomie; en onderlinge veto's. Sulke meganismes word gebruik in o.m. Nieu-Seeland, Indië, Belize, Guiana, Suriname, Trinidad en Tobago, en Kroasië. 'n Tweede kritieke area is taal, en hier vereis multikulturalisme die erkenning, gebruik en bevordering van twee of meer tale, soos in België, Spanje en Switserland. Beide federalisme en konsosiasie gee minderhede inspraak in besluitneming oor sake wat hul kulturele vryheid raak.

Die ander drie areas waarin die UNDP-verslag multikulturele beleide aanbeveel, is godsdiensvryheid, die regswese en sosio-ekonomiese kwessies. Laasgenoemde gaan veral oor ongelykhede in inkomste, onderwys en gesondheid en is op hierdie stadium 'n veel groter strydvraag vir swart as wit Suid-Afrikaners. Godsdiensvryheid en die regstelsel staan nie in die brandpunt van Afrikaners se strewe na groter kulturele vryheid nie en word daarom ook nie hier verder ondersoek nie.

Soos die UNDP dit verwoord, behels kulturele vryheid meer as net 'negatiewe' vryheid in die sin van die afwesigheid van beperkinge of inmenging deur die owerheid wat mense se vryheid aan bande lê; dit gaan hier eerder om 'positiewe' vryheid wat aan burgers, veral in groepsverband, die geleentheid tot self-seggenkap of outonomie gee.

Mites oor kulturele vryheid

Die UNDP-verslag gee vervolgens aandag aan 'n aantal 'mites' oor beleide wat kulturele identiteite erken en diversiteit bevorder, oftewel multikulturele beleide. Praktiese ervaring in talle samelewings bewys dat sulke beleide nie burgers se verbintenis met hul staat ondermyn en afskeiding in die hand werk nie. Nasionale eenheid en lojaliteit kan naas kulturele diversiteit bestaan omdat die meeste mense veelvoudige identiteite het wat aanvullend tot mekaar kan wees (bv. etnisiteit, taal, godsdiens, ras en burgerskap).

Hierdie uitgangspunt verskil reëlreg van 'nasiebou', wat so gewild was in die 20ste eeu en gebruik is om kultureel homogene state met enkele identiteite te vorm. Dis gedoen d.m.v. beleide van assimilasië en integrasie. Assimilasië poog om kulturele verskille tussen groepe uit te wis, terwyl integrasie beoog om etno-nasionale en kulturele verskille uit die openbare en politieke arena te weer en net in die private domein toe te laat. Die bekende metodes van assimilasië en integrasie sluit in die sentralisering van politieke mag (en die verwerping van plaaslike outonomie vir minderheidsgroepe); die aanvaarding van 'n enkele amptelike taal wat die oorheersende groep verkies; 'n onderwysbedeling wat die taal,

geskiedenis en literatuur van die dominante groep tot 'nasionale' status verhef; en die aanvaarding van staatsimbole wat weer eens die geskiedenis, kultuur en helde van die oorheersende groep vereer. Al het sommige state geslaag met hul nasiebou-projekte, word hierdie 'suksesse' oorskadu deur die les van die geskiedenis: 'If the history of the 20th century showed anything, it is that the attempt either to exterminate cultural groups or to wish them away elicits a stubborn resilience', verklaar die *Human Development Report 2004*.

Die ander mite wat die nek ingeslaan word, is dat die blote naasbestaan van kultureel diverse groepe 'n oorsaak vir gewelddadige konflik is. Dis wel gevaarlik as politieke en ekonomiese ongelykheid tussen sulke groepe verdiep of kultuurverskille onderdruk word omdat kultuurgroepe maklik gemobiliseer kan word teen ongelykhede en ongeregtighede.

Kulturele vryheid in Suid-Afrika

Sonder om die konsep enigsins te gebruik, verleen die grondwet tog 'n sekere mate van kulturele vryheid aan Suid-Afrikaners, veral diegene wat aan taal-, kultuur- en godsdiensgemeenskappe behoort.

Een van die ses grondliggende bepalings vervat in hoofstuk 1 (artikel 6) van die grondwet handel oor Suid-Afrika se amptelike tale. Afrikaans word as een van elf amptelike tale erken. Die nasionale en provinsiale regerings 'moet' minstens twee amptelike tale gebruik en sorg dat 'alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word' (met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste ens.) Artikel 6 maak voorts voorsiening vir die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) om die gebruik en ontwikkeling van al elf amptelike tale (plus die Khoi-, Nama- en Santale en gebaretaal) te bevorder.

Hoofstuk 2, wat die handves van regte bevat, wy drie artikels (29-31) aan aspekte van bevolkingsverskeidenheid. Artikel 29, oor onderwys, erken elke persoon se reg 'om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is'. Om hierdie reg te verweselik, 'moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg' – met inagneming van billikheid, doenlikheid en regstelling van vorige rassediskriminasie. Artikel 29 erken ook elkeen se reg om op eie koste 'onafhanklike onderwysinstellings' te skep mits dit nie op grond van ras diskrimineer nie. Staatsubsidies aan sulke instellings word uitdruklik nie uitgesluit nie.

Artikel 30, oor taal en kultuur, bepaal: 'Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem', mits dit nie strydig met ander bepalings in die handves van regte gedoen word nie.

'Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe' kry in artikel 31 aandag. 'Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap – (a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en (b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie'. Ook hierdie regte mag nie strydig met die handves van regte uitgeoefen word nie.

Alhoewel die grondwet hoegenaamd nie die internasionaal erkende begrip 'minderhede' gebruik nie, stem die geïdentifiseerde gemeenskappe ooreen met die drie sogenaamde objektiewe kriteria waaraan 'n etniese, godsdienstige of linguïstiese minderheid volgens internasionale standaarde moet voldoen: kultuur, godsdiens en taal. Hierdie stel kriteria is vervat in die gesaghebbende en algemeen aanvaarde definisie van 'n minderheid wat in 1979 geformuleer is deur Francesco Capotorti, 'n Verenigde Nasies (VN) spesiale rapporteur oor minderhede: 'A group numerically inferior to the rest of the population of a State, and in a non-dominant position, whose members – being nationals of the State – possess ethnic, religious or linguistic characteristics differing from those of the rest of the population and show, if only implicitly, a sense of solidarity, directed towards preserving their culture, traditions, religions and language.' So 'n groep, ook 'n nasionale minderheid genoem, word onderskei van etno-kulturele minderhede (wat gewoonlik na immigrante of vlugteling in 'n vreemde land verwys) en van inheemse (of oorspronklike) bevolkings. Hul *de facto*-status as minderheidsgroepe gee aan Suid-Afrikaanse 'gemeenskappe', by name die Afrikaanse gemeenskap, legitieme aanspraak op internasionaal erkende minderheidsregte.

Een van die staatsinstellings wat ingevolge die Suid-Afrikaanse grondwet geskep is 'ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie', is die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe (bekend as die langnaamkommissie). Volgens artikel 185 het die kommissie drie hoofogmerke: 'om respek te bevorder vir die regte' van die drie tipes gemeenskappe; 'om vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid' onder hierdie gemeenskappe te bevorder; en om die instelling of erkenning van rade vir gemeenskappe aan te beveel.

Hoofstuk 14 van die grondwet, met sy uiteenlopende algemene bepalings, maak in artikel 234 voorsiening vir handveste van regte – ‘n instrument wat benut kan word in die uitbouing van kulturele vryheid. Die bondige klousule lui: ‘Ten einde die kultuur van demokrasie deur die Grondwet ingestel, te versterk, kan die Parlement Handveste van Regte aanneem wat met die bepalings van die Grondwet bestaanbaar is’.

Die bekende artikel 235, ook in hoofstuk 14, is die enigste bepaling in die grondwet wat spesifiek oor selfbeskikking handel: ‘Die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel se reg op selfbeskikking soos in hierdie Grondwet vergestalt, belet nie, binne die raamwerk van die reg, die erkenning nie van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat ‘n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, op selfbeskikking binne ‘n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal’.

Ten spyte van hierdie grondwetlike reëlings, beleef veral Afrikaners presies die soorte kulturele uitsluiting waarvan die *Human Development Report 2004* melding maak.

Lewenswyse-uitsluiting word gemanifesteer in die agteruitgang van Afrikaans in die openbare domein. Engels is vir alle praktiese doeleindes die taal van regering en openbare administrasie, oftewel die ‘nie-amptelike amptelike taal’. Die uitfasering van enkelmedium Afrikaanse skole en van Afrikaanse universiteite dui op die stelselmatige invoer van Engels as enkele onderwystaal. Die nuwe staatsimbole en grootskaalse naamsveranderinge van stede, dorpe en strate pas ook in by die groeiende lewenswyse-uitsluiting waaraan Afrikaners onderwerp word.

Afrikaners in die besonder beleef deelname-uitsluiting veral omdat dié groep in 1994 polities ontmagtig is in ‘n nuwe stelsel van haas ongebreidelde meerderheidsoorheersing. Die UNDP-verslag se verwysing na minderhede wat ‘consistently underrepresented or outvoted’ is en as gevolg daarvan neig om hul sentrale regerings as ‘alien and oppressive’ te beskou, kan maklik op die Afrikaners toegepas word. So ‘n gewaarwording van politieke magteloosheid is nie vreemd of onverwags nie. Volgens die Amerikaanse politieke wetenskaplike Timothy Sisk skep eenvoudige meerderheidsdemokrasie spesiale probleme in etnies verdeelde samelewings. Etniese minderheidsgroepe verwag om deur die stembus permanent van politieke mag uitgesluit te word. Minderhede stel demokrasie nie gelyk aan vryheid van deelname nie, ‘but with the structured dominance of adversarial majority groups’. Die bekroonde Kanadese politieke filosoof Will Kymlicka waarsku teen die gevolge van meerderheidsbesluitneming oor kwessies wat vir kulturele minderhede van wesenlike belang is, soos die erkenning van hul tale. In sulke gevalle word die

minderhede aan beduidende ongeregtigheid onderwerp – iets wat etniese konflik kan vererger. Afrikaners beleef wat ‘n ander Kanadese filosoof Charles Taylor noem ‘democratic exclusion’.

Afrikaners se ervaring van kulturele uitsluiting is deels daaraan te wyte dat hulle nie die bestaande grondwetlike bepalinge oor gemeenskapsregte voldoende benut nie. ‘n Meer fundamentele rede is dat die grondwet gebrekkig is in sy beskerming van gemeenskapsregte. Ons grondwet skiet tekort aan internasionale standaarde soos geformaliseer in internasionale konvensies en verdrae oor minderheidsregte. Daar is bepaald nie ‘n algehele gebrek aan kulturele vryheid in Suid-Afrika nie, maar wel onvoldoende kulturele vryheid wat boonop nie wetlik goed genoeg verskans is nie.

Dis opmerklik dat etlike gevestigde demokrasieë soos Switserland, Spanje, België en Kanada uitvoerige wetlike beskerming aan groepsregte gee. Dieselfde geld verskeie nuwe state wat sedert die einde van die Koue Oorlog in Oos- en Sentraal Europa tot stand gekom het of bestaande state wat hul vryheid ná die val van kommunisme herwin het. Onder hulle is Rusland, Hongarye, Slowenië, Kroasië, Macedonië, Kosowo en die drie Baltiese republieke. As al hierdie state dit noodsaaklik vind om hul kulturele diversiteit só te beskerm en bevorder, waarom nie Suid-Afrika nie?

Internasionale ‘beste praktyke’

Die universele aard van minderheidsregte – en by implikasie kulturele vryheid – word duidelik weerspieël in die Deklarasie oor die Regte van Persone wat Behoort aan Nasionale of Etniese, Godsdienstige of Linguïstiese Minderhede, wat in 1992 deur die VN se Algemene Vergadering aanvaar is. Dit plaas state onder uitdruklike verpligtinge. ‘States shall protect the existence and the national or ethnic, cultural, religious and linguistic identity of minorities within their respective territories and shall encourage conditions for the promotion of that identity’, lui artikel 1. Die daaropvolgende klousule bevat die regte wat state d.m.v. wetgewende en ander maatreëls moet beskerm, naamlik minderhede se reg om hul kultuur te geniet, godsdiens te beoefen, taal te gebruik en effektief deel te neem aan politieke besluitneming op nasionale en streeksvlakke oor sake wat hulle raak. Artikel 3 bepaal dat geen lid van ‘n minderheidsgroep benadeel mag word a.g.v. die uitoefening (of nie-uitoefening) van enige minderheidsreg nie.

Die Raamwerk-konvensie vir die Beskerming van Nasionale Minderhede, wat in 1995 deur die Raad van Europa goedgekeur is en waartoe 43 state reeds partye is, stem grootliks ooreen met die VN se

Deklarasie van 1992. Die Raamwerk-konvensie verbind deelnemende state om toestande te skep wat hul nasionale minderhede toelaat om doeltreffend deel te neem aan die kulturele, sosiale en ekonomiese lewe en aan openbare aangeleenthede, veral dié wat hulle regstreeks raak. 'n Paragraaf uit die aanhef tot die Raamwerk-konvensie verdien direkte aanhaling: '...a pluralist and genuinely democratic society should not only respect the ethnic, cultural, linguistic and religious identity of each person belonging to a national minority, but also create appropriate conditions enabling them to express, preserve and develop this identity'.

Nog 'n insiggewende dokument is die Instrument vir die Beskerming van Minderheidsregte wat in 1994 deur die Sentraal-Europese Inisiatief ('n samewerkingsgroepering van 18 Sentraal- en Oos-Europese state) aanvaar is. Benewens 'n taamlike standaardlys van minderheidsregte, verwoord die Instrument 'n paar belangrike beginsels onderliggend aan minderheidsregte. Die een is dat minderhede 'will enjoy the same rights and have the same duties of citizenship as the rest of the population'. Minderheidsregte beteken dus nie die bevoorregting van 'n minderheid ten koste van die meerderheid nie, maar is gerig op gelykstelling. Anders gestel, minderhede wil bloot hê wat meerderhede vir hulself toe-eien. Nog 'n kernbeginsel is dat minderheidsregte deel vorm van universeel beskermde menseregte en ewe noodsaaklik is vir vrede, geregtigheid, stabiliteit en demokrasie binne state.

Die 2006 *Charter for the Autochthonous National Minorities of Europe* is weliswaar nie 'n interstaatlike verdrag nie en handel oor inheemse gemeenskappe, maar is nogtans 'n waardevolle voorbeeld van 'n moderne akte van minderheidsregte wat volledig versoenbaar is met universele standaarde van menseregte.

Daar is minstens twee fundamentele verskille tussen bogenoemde minderheidsinstrumente en die Suid-Afrikaanse grondwet se bepalings oor gemeenskapsregte. Die een is dat die VN- en Europese dokumente uitdruklike verpligtinge op state plaas om die regte en belange van minderhede te bevorder. Hier kan ons van 'positiewe regte' praat, d.w.s. die betrokke groepe is geregtig op bepaalde handeling wat die owerheid moet verrig. Daarteenoor neig Suid-Afrika se grondwet om die regte van gemeenskappe in negatiewe vorm te giet: hulle mag nie deur die owerheid belet word om sekere dinge te doen nie, maar die owerheid word nie spesifiek verplig om iets te voorsien nie.

Die tweede verskil is dat internasionale verdrae aan minderhede die reg gee om deel te neem aan politieke besluitneming op sentrale- en streeksvlak oor sake wat hulle spesifiek raak. Die Suid-Afrikaanse

grondwet se uitgangspunt is daarteenoor dat lede van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe hierdie reg in individuele hoedanigheid as kiesers kan uitoefen.

Wanneer dit kom by nasionale reëlings vir minderhede, kan Suid-Afrikaners gerus kers opsteek by Finland se hantering van kulturele diversiteit. Hierdie grootliks onbekende situasie (vir ons), het interessante parallele met Suid-Afrika. Om mee te begin, het Finland drie amptelike tale, te wete Fins, Sweeds en Sami. Laasgenoemde is die amptelike taal slegs in die areas bewoon deur die inheemse Sami-bevolking, terwyl Sweeds en Fins amptelike status in die res van die land geniet. Sweeds is egter 'n minderheidstaal: slegs sowat 275 000 mense uit Finland se totale bevolking van 5,3 miljoen (d.w.s. 5,5%) gebruik Sweeds as hul moedertaal. Van die 275 000 Finlandse Swede (*finlandssvensk*) woon ongeveer 27 000 op die Aaland-eilande, waar Sweeds die enigste amptelike taal is en die inwoners ('n skamele 0,5% van die totale Finse bevolking) 'n hoë mate van self-regering geniet. Hul outonomie raak sake soos onderwys, kultuur, gesondheid, poswese, munisipale administrasie, radio en televisie, en die plaaslike ekonomie. Die Sweedse minderheid op die Finse vasteland is veral in drie areas gekonsentreer; naastenby die helfte van die Sweedse minderheid leef in gebiede waar Sweeds die meerderheidstaal is en hulle Sweeds in bykans alle omstandighede kan gebruik.

Ingevolge die Finse grondwet het alle burgers die reg om hul moedertaal (Fins of Sweeds) te gebruik in enige amptelike handeling met die staat en openbare administrasie. Die staat is verplig om gelykberegtiging tussen die twee ampstale te verseker. Alle wette moet in albei tale gepubliseer word. Taalregte word verder uiteengesit in 'n taalwet van 1921.

Alle plaaslike gemeenskappe op die Finse vasteland word as een- of tweetalig geklassifiseer, afhangende van die bevolkingsamestelling. Die amptelike taal van 'n munisipaliteit is dié een wat deur die hele plaaslike bevolking gepraat word, of is beide Fins en Sweeds indien die sprekers van een van die tale meer as 8% van die plaaslike bevolking of meer as 3 000 mense verteenwoordig. Sowat 4% van Finland se 432 plaaslike gemeenskappe is eentalig Sweeds, baie van hulle op die Aaland-eilande. Munisipaliteite in Finland het aansienlike outonomie, wat hulle toelaat om belastings te hef en staatsubsidies te gebruik vir onderwys, gesondheid en sosiale welsyn.

Onderwys in Sweeds is kragtens wet beskikbaar op alle vlakke vanaf kleuterskool tot universiteit. Finland se oudste universiteit, die Åbo Akademi, is eentalig Sweeds. In 2008 was daar 388 skole in Finland met Sweeds as die vernaamste medium van onderrig, met 104 201 leerlinge.

Die Sweedse minderheid in Finland het hul eie politieke strukture. Die vernaamste is die Sweedse Vergadering van Finland bestaande uit 75 afgevaardigdes wat verskillende politieke strominge in die Sweeds-sprekende Finse gemeenskap verteenwoordig. Dis 'n adviserende liggaam wat hierdie gemeenskap se belange bevorder, veral op terreine soos taal en onderwys. Die (eentalige) Sweedse Volksparty, wat in 1906 gestig is, bemoei hom hoofsaaklik met die handhawing van Sweeds as minderheidstaal. In die Finse Parlement vorm die party se verteenwoordigers en hul kollega van die Aaland-eilande (wat hul eie politieke partye het) die Sweedse parlementêre groep wat tot onlangs uit tien lede bestaan het.

Die 2008-grondwet van die Republiek van Kosowo bevat waarskynlik die sterkste beskerming van minderheidsregte in Europa. Een van die basiese bepalings in die grondwet lui dat Kosowo 'n multi-etniese samelewing is bestaande uit die Albanese en ander gemeenskappe. (Albanese verteenwoordig sowat 90% van die 2-miljoen inwoners; Serwiërs tel hoogstens 100 000 oftewel 5% van die totale bevolking.) Albanies en Serwies is die twee amptelike tale en drie ander tale het amptelike status op munisipale vlak. Ruim voorsiening word gemaak vir die regte van gemeenskappe, naas individuele regte. Hierdie gemeenskappe verwys na inwoners wat aan dieselfde nasionale of etniese, linguïstiese of godsdiensgroep behoort wat tradisioneel in Kosowo woonagtig is. Hulle het die reg om 'die essensiële elemente van hul identiteit' – godsdiens, taal, tradisies en kultuur – te bewaar en ontwikkel; openbare onderwys te ontvang in een van die amptelike tale van hul keuse op alle vlakke; hul taal vrylik in die openbaar en privaat te gebruik; en plek- en straatname en ander topografiese aanduidings moet die multi-etniese en veeltalige karakter van die betrokke areas weerspieël. In die Parlement word 20 van die 120 setels vir minderhede gereserveer en die wetgewer het 'n permanente Komitee oor die Regte en Belange van Gemeenskappe wat wetgewing moet oorweeg. Die kabinet moet minstens een minister uit die Serwiese gemeenskap insluit. Voorts is daar 'n Konsulterende Raad vir Gemeenskappe, onder gesag van die President van Kosowo en verteenwoordigend van al die gemeenskappe, vir gereelde oorleg tussen hulle en die nasionale regering. Laastens moet staatsinstellings, insluitend die regbank, vervolgingsgesag en die veiligheidsmagte, die etniese diversiteit van Kosowo weerspieël.

In die verbygaan kan na verskeie ander state verwys word wat deur hul erkenning van kulturele verskeidenheid bydra tot kulturele vryheid vir hul minderheidsgroepe. Hierdie voorbeelde versterk die

argument dat Suid-Afrika se grondwetlike beskerming van die regte van gemeenskappe sleg afsteek by praktyke in ander multikulturele samelewings.

* Die nuwe staat van Bosnië en Herzegowina (BiH), wat in 1992 tot stand gekom het, bestaan uit twee outonome eenhede: die Bosnies-Kroatische Federasie en die Republiek Srpska, 'n Serwiese entiteit. Serwiërs verteenwoordig 37% van BiH se bevolking; Bosniakke (Moslems) 48% en Kroate 14%.

* Estland, wat vir bykans 50 jaar 'n gedwonge ondergeskikte entiteit binne die Sowjet-Unie was, verleen aan etniese minderhede (insluitend die Russe) die reg om, in die belang van hul nasionale kulture, instellings van self-regering te skep. Hierdie reëling staan as kulturele outonomie bekend.

* Die Goeie Vrydagooreenkoms van 1998, wat 'n einde gebring het aan dekades se sektariese geweld tussen Protestante en Katolieke in Noord-Ierland, maak voorsiening vir politieke magsdeling tussen die twee groepe.

* In Duitsland word minderheidsverteenvoording op streeksvlak in die deelstate van Sleeswyk-Holstein (vir die Deense minderheid) en Brandenburg (vir die Sorb-minderheid) verseker; sommige deelstate in Oostenryk volg dieselfde praktyk.

* Streeksgebonde taalreëlings geld in o.m. Switserland, waar 17 van die 26 kantons eentalig-Duits is (m.a.w. Duits is die enigste amptelike taal); vier is Franssprekend; drie is tweetalig (Duits en Frans); een is Italiaans en die laaste kanton is drietalig (Reto-Romaans, Duits en Frans).

* In Kanada is Quebec die enigste werklike Franstalige provinsie.

* Ook in België en Spanje is daar duidelik onderskeibare taalstreke.

* Bevoegdhede oor onderwys en kultuur in Hongarye afgewentel na liggame wat nasionale minderhede verteenwoordig.

* In die dae van die voormalige Sowjet-Unie het die Russiese Republiek 31 nominaal outonome etnies-gebaseerde administratiewe eenhede bevat. Vandag se Russiese Federasie, met sowat 160 etniese groepe (waarvan Russe bykans 80% verteenwoordig), is saamgestel uit 83 federale subjekte oftewel administratiewe entiteite; hiervan is 21 nasionale republieke (elk die tuiste van 'n spesifieke etniese

minderheid) en 6 outonome streke (elk gewoonlik met 'n substantiewe of oorheersende etniese minderheid).

* Die Chinese staatsbestel maak naas 23 provinsies ook voorsiening vir 5 outonome streke waarin hoofsaaklik etniese minderhede woon. China erken 55 verskillende minderheidsgroepe, wat slegs sowat 8% van die totale bevolking verteenwoordig; die res is Han Chinese.

* Indië het 'n federale staatsvorm bestaande uit 28 deelstate en 7 'union territories', waarvan sommige in outonome streke onderverdeel is. Hierdie opset spruit uit 'n 1956-wet van die Indiese parlement waarvolgens die staatsbestel op etniese en linguïstiese verdelingslyne gestruktureer is.

* In beide Indonesië en die Filippyne is 'spesiale outonomie' toegeken aan 'n aantal streke of provinsies wat oorwegend deur opstandige etniese minderhede bewoon word.

* Die Federale Demokratiese Republiek van Ethiopië word in sy grondwet van 1994 beskryf as 'n multikulturele federasie gebaseer op etno-nasionale verteenwoordiging. Daar is nege etnies-gebaseerde regionale deelstate en twee federaal-geadmistreerde stadstate. In 'n unieke bepaling maak die grondwet (artikel 39) voorsiening vir die afstigting van 'n groep om sy eie onafhanklike staat te stig: 'Every nation, nationality or people in Ethiopia shall have the unrestricted right to self-determination up to secession'.

Dis opvallend dat daar slegs een voorbeeld uit Afrika op bostaande lys verskyn. Die vasteland was sedert onafhanklikheid 'n ongenaakbare plek vir etniese minderhede. Pynlik bewus van die etniese verdeeldhede in hul samelewings, het meeste van die nuwe leiers uit hul pad gegaan om d.m.v 'nasiebou' 'n nuwe nasionale identiteit en lojaliteit te skep wat historiese klowings sou oorbrug of selfs uitwis; vandaar die slagspreuk, 'For the nation to live, the tribe must die'. Ten spyte hiervan bevat die African Charter on Human and Peoples Rights (1981)'n artikel téén diskriminasie teen mense op grond van ras, kleur, etnisiteit, taal, godsdiens, en nasionale en sosiale afkoms, en 'peoples' se reg op ekonomiese, sosiale ek kulturele ontwikkeling 'with due regard to their freedom and identity' word erken. In 1994 het die leiers van die lidstate van die Organisasie van Afrika-eenheid 'n gedragskode vir inter-Afrika betrekkings aanvaar waarin o.m. verklaar word dat 'peace, justice, stability and democracy call for the protection of ethnic, cultural, linguistic and religious identity of all our people including national minorities, and the creation of conditions conducive to the promotion of this identity'. In 'n meer beduidende ontwikkeling het die African Commission on Human and Peoples' Rights (gestig in

terme van die 1981 Afrika-handves) in 2000 'n werkgroep saamgestel oor die regte van inheemse en etniese groepe. In sy vertolking van die Afrika-handves erken die Kommissie deesdae dat taal 'n integrale deel van kultuur is en dat persone se gebruik van hul eie tale hulle verryk en toelaat om aktief aan gemeenskapsaktiwiteite deel te neem. 'To deprive an individual of such participation amounts to depriving him of his identity', het die Kommissie aangevoer. Die idee van kulturele vryheid begin klaarblyklik inslag vind by Afrika se formele waghond oor menseregte.

Die politieke aanvaarbaarheid van kulturele vryheid in Suid-Afrika

- Die idee van kulturele vryheid gee uitdrukking aan 'n legitieme aspirasie van kultuurgemeenskappe of etniese minderhede wêreldwyd en kan gekoppel word aan gevestigde demokrasiese beginsels en praktyke.
- Kulturele vryheid is 'n onlosmaaklike deel van menslike vryheid en boonop – volgens die UNDP se verslag - noodsaaklik vir menslike ontwikkeling.
- Dat kulturele vryheid deur die VN se invloedryke en wyd gerespekteerde Ontwikkelingsprogram ondersoek en gepropageer is, gee die idee 'n sterk internasionale legitimiteit.
- Die konsep van kulturele vryheid behoort in die Suid-Afrikaanse politieke konteks wye aanklank te vind omdat dit nie 'n skepping van Afrikaners of 'n produk van apartheid is nie; dis nie rasgebaseer nie en ook nie uitsluitlik op Afrikaners van toepassing nie; dit berus op vrywillige assosiasie van mense met kultuurgemeenskappe en laasgenoemde kan vrylik besluit of hulle groter kulturele vryheid verlang.
- Plaaslik het die idee van vryheid 'n besondere politieke trefkrag. Die ANC het homself immers as 'n bevrydingsbeweging beskou wat dekades om die vryheid van die verontregte swart meerderheid gestry het. 'n Belangrike baken op hierdie lang pad is die beroemde Vryheidsmanifes van 1955. Vandag definieer die ANC-regering vryheid wyer as net die politieke terrein. In die ANC se jaarlikse 8 Januarie-verklaring het pres. Jacob Zuma vanjaar (in Polokwane) beklemtoon dat 'politieke vryheid is betekenisloos sonder ekonomiese vryheid' en beloof dat die regering werk sal maak van laasgenoemde. Politieke vryheid kan ewe betekenisloos wees sonder kulturele vryheid.

- Meer kulturele vryheid kan nuwe inhoud en aantreklikheid gee aan die gedagte van Suid-Afrikaners as 'n reënboognasie – nou as een bestaande uit 'n veelheid van kulture eerder as kleure.

'n Strategiese plan

Die oorhoofse doelwit van die strategie wat vervolgens ontwikkel word, is die verbreding, verdieping en verskansing van kulturele vryheid in Suid-Afrika sodat lede van die Afrikaanse gemeenskap (en ander belangstellende gemeenskappe) hul identiteit vrylik kan kies en ten volle uitleef. Die plan van optrede sal op die politiek-staatkundige gebied toegespits wees want dis waar gesaghebbende en bindende besluite geneem word wat die wel en weë van alle Suid-Afrikaners bepaal. Die ander ses terreine (of invloedssfeer) wat deur Duvenhage en Steyn verken word – ekonomies, maatskaplik-kultureel, fisies, demografies, onderwys en tegnologie – sal egter ook by die strategiese plan betrek word.

Die uitbouing van kulturele vryheid behoort op twee vlakke aangepak te word. Die eerste behels die behoorlike benutting van bestaande politiek-staatkundige geleenthede. Optrede op die tweede vlak vereis nuwe, verbeeldingryke inisiatiewe wat in sommige gevalle grondwetlike wysigings sal verg ten einde betekinsvolle kulturele vryheid 'n integrale komponent van Suid-Afrika se politiek-staatkundige bedeling te maak.

Beter benutting van die bestaande politieke ruimte

In die konteks van die heersende grondwetlike reëlings rakende taal, kultuur en godsdiens, kan die Afrikaanse gemeenskap sy kulturele vryheid beskerm en versterk deur 'n verskeidenheid inisiatiewe. Meeste hiervan word inderdaad reeds onderneem, maar verdien groter aandag en energie.

- Die wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Tale, wat die regering in 2003 ter tafel gelê het, behoort opnuut aan die wetmakende proses (insluitend openbare raadpleging) onderwerp te word sodat die land uiteindelik 'n behoorlike taalwet kan kry.
- Openbare instansies se nakoming van grondwetlike bepalinge rakende die gebruik van amptelike tale moet noukeurig gemonitor en skendings uitgewys en aan Pansat gerapporteer word. Dit gaan hier om die taalpraktyke van nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede asook die

regbank. Dalk kan 'n 'taalbarometer' geskep word om die 'taalvriendelikheid' van hierdie instansies op deurlopende basis te bepaal.

- Die behoud van openbare enkelmedium Afrikaanse skole vereis volgehoue waaksaamheid. (Dis insiggewend dat Gauteng se vyf topfoërskole in 2010 se openbare matriekeksamen almal in hierdie kategorie val.) Terselfdertyd behoort die Afrikaanse gemeenskap die bestaansreg van onafhanklike Afrikaanse skole vreesloos te ondersteun. 'n Deskundige ondersoek na maniere om private skole meer bekostigbaar (en dus toeganklik) te maak, kan sinvol wees.
- Die behoud van Afrikaans as onderrig- en navorsingstaal op tersiêre vlak vereis dat minstens twee van die historiese Afrikaanse universiteite hulle formeel hiertoe verbind en dat die regering sodanige onderneming ondersteun.
- Die grondwetlike ruimte vir die skep van gemeenskapsinstellings (artikels 31 en 185) en vir die aanvaarding van handveste van regte deur die Parlement (artikel 234) behoort albei deur die Afrikaanse gemeenskap benut te word. Die eerste behels die totstandkoming van 'n vaste verteenwoordigende Afrikaanse kultuur- of gemeenskapsraad. Saamgestel uit bestaande Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies, kan so 'n oorkoepelende liggaam op 'n federale of konfederale grondslag georganiseer word. Die federale formule bepaal dat die samestellende organisasies redelik heg ingebind word in die verteenwoordigende liggaam, terwyl 'n konfederale opset beteken dat die deelnemende organisasies mekaar se onafhanklikheid respekteer en dat die lede slegs gebind word deur voorstelle waartoe hulle uitdruklik of by implikasie ingestem het. Onder die funksies van 'n Afrikaanse raad sal die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur en skakeling met die verskillende owerheidsvlakke belangrike prioriteite wees. Om as skakel tussen die Afrikaanse gemeenskap en die owerheid op te tree, sal 'n verteenwoordigende raad amptelike erkenning moet verkry. Nog 'n rede vir hierdie status is om die raad 'buite die veranderlikheid en wispulurigheid van die daaglikse partypolitieke woelinge te plaas', in die woorde van prof. Dan Kriek. Of dit beteken dat 'n Afrikaanse raad as 'n statutêre gemeenskapsraad ingevolge artikel 185 van die Grondwet erken moet word, is 'n ope vraag in die lig van die impotensie van die 'langnaamkommissie' en onsekerheid oor sy voortbestaan n.a.v. die verslag van die Asmal-kommissie in 2007. Mettertyd sou 'n Afrikaanse gemeenskapsraad direk deur die gemeenskap verkies kan word. Voorts sou 'n netwerk van verteenwoordigende en verkose gemeenskapsrade selfs op provinsiale en munisipale vlakke geskep kan word en saam met die oorkoepelende raad in 'n federale struktuur opgeneem word.

Een van die eerste take van 'n verteenwoordigende Afrikaanse raad behoort die opstel of ten minste goedkeuring van 'n handves vir kulturele vryheid te wees. (Die UNDP se *World Development Report 2004*, internasionale konvensies oor minderheidsregte en AfriForum se stigtingsmanifes is nuttige bronne in die opstel van so 'n handves.) Alhoewel die voorgestelde handves hoofsaaklik op die Afrikaanse gemeenskap sal fokus, kan oorweging geskenk word aan 'n parallele, meer inklusiewe handves vir kulturele vryheid wat ander groepe as die Afrikaanse gemeenskap betrek. In welke vorm ookal, behoort 'n handves vir kulturele vryheid aan die Parlement voorgelê te word vir goedkeuring.

'n Presedent vir so 'n projek is geskep deur 24 godsdienstige liggame, verteenwoordigend van vyf gelowe, wat in Oktober 2010 van 'n handves van godsdieneregte en –vryhede onderteken het. Prof. Pieter Coertzen, 'n teoloog aan die Universiteit van Stellenbosch, was een van die dryfvere agter dié inisiatief uit godsdiengeledere. Die ondertekenaars het 'n stuurkomitee aangewys om 'n raad vir godsdieneregte en –vryhede te skep waarop al die deelnemende instansies verteenwoordig sal wees. Die voorneme is om hierdie raad by die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdien- en Taalgemeenskappe te registreer en die ondertekende handves kan moontlik in 2012 aan die Parlement voorgelê en selfs in wetgewing bekragtig word.

Elkeen van die voorstelle hierbo is belangrik en selfs noodsaaklik vir die uitbouing van kulturele vryheid vir die Afrikaanse gemeenskap. Geeneen van hulle is egter daarop gerig om vir die Afrikaanse gemeenskap regstreekse seggenskap te verkry oor sake wat sy kulturele identiteit raak nie. Dít vereis gemeenskapsoutonomie en daarvoor sal nuwe politieke instellings geskep moet word.

Nuutskepping

Om die nadele te oorkom wat gewone meerderheidsdemokrasie vir minderheidsgroepe kan inhou, beveel die *Human Development Report 2004* 'n multikulturele konsep van demokrasie aan. Dit behels dat minderhede deelneem aan besluitneming wat hul kulturele vryheid raak. Die hoogste vorm daarvan is politieke magsdeling tussen diverse groepe. Soos vroeër vermeld, verwys die UNDP-verslag spesifiek na konsosiasie en federalisme. Politieke werklikhede in Suid-Afrika – bowenal die ANC se magsmonopolie – skakel die moontlikheid van multikulturele demokrasie op sentrale en selfs provinsiale

regeringsvlak vir die afsienbare toekoms uit. Die grondwetlike bepaling oor selfbeskikking baan die weg na 'n realistiese alternatief.

Artikel 235 se verwysing na 'selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse' laat die deur teoreties oop vir die afskeiding van 'n gemeenskap of gebied om 'n nuwe onafhanklike staat te skep. Hierdie moontlikheid word egter gekelder deur die kwalifikasie 'soos deur nasionale wetgewing bepaal'. Dis eenvoudig ondenkbaar dat die ANC-gedomineerde Parlement ooit 'n wet sal goedkeur wat 'n deel van die bevolking toelaat om van Suid-Afrika weg te breek en hul eie soewereine 'volkstaat' te stig. Boonop lyk dit asof die grondwet eksterne selfbeskikking (d.w.s. die skep van 'n nuwe wegbreekstaat) implisiet belet: die aanhef verklaar dat 'Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon' en verwys ook na die bou van 'n 'verenigde Suid-Afrika', terwyl artikel 1 bepaal dat die Republiek van Suid-Afrika 'een, soewereine, demokratiese staat' is.

Dit laat ons met interne selfbeskikking, maar in 'n minder radikale en meer haalbare vorm as federalisme of konsosiasie. Die antwoord lê in verskillende vlakke van outonomie, m.a.w. die toekenning van sekere beleidmakende en uitvoerende bevoegdhede aan gemeenskappe oor sake wat hul gemeenskapslewe direk raak.

Die eerste vlak van outonomie is *kommunaal of korporatief* (eerder as territoriaal) van aard. Dis veral gepas waar lede van 'n gemeenskap of minderheid baie verspreid in 'n land woon. Ongeag woonplek, neem hulle byvoorbeeld deel aan die verkiesing van 'n kommunale- of kultuurraad wat wetmakende en uitvoerende bevoegdhede het oor sake soos onderwys en kultuur in gemeenskapsverband. (Estland en België het sulke reëlins.) Gegewe die geografiese verspreidheid van die breë Afrikaanse gemeenskap oor die hele Suid-Afrika, is selfbeskikking op korporatiewe basis sterk aan te beveel. Die voorgestelde Afrikaanse gemeenskaps- of kultuurraad sal hierdie funksies kan verrig indien dit die nodige statutêre bevoegdhede verkry en ter wille van legitimiteit populêr verkose is.

Hoe belangrik ookal, is korporatiewe selfbeskikking selde die aller-antwoord op 'n minderheidsgemeenskap se kwellings oor sleutelkwessies van kollektiewe identiteit. Die sogenaamde territoriale imperatief motiveer vandag nog mense oor die wêreld heen wanneer hulle politieke bedelings skep. Die territoriale element skep of versterk 'feite op die grond' wat waarskynlik moeiliker deur 'n regering aangetas kan word as taalreëlins sonder territoriale verankering. Daarom dat baie outonomie-reëlins op 'n territoriale basis gebou is, m.a.w. die outonome gemeenskap se self-seggenkap oor sake soos onderwys, taal en kultuur is gekoppel aan 'n bepaalde grondgebied. By

Afrikaners is daar so 'n versugting want hulle 'voel...al hoe meer dat hulle in 'n Suid-Afrikaanse diaspora woon, sonder 'n stukkie aarde waar die Afrikaanse taal en kultuur – sonder totale uitsluiting van ander tale en kulture – die dominante een is', aldus prof. Marinus Wiechers.

Orania is 'n voorbeeld van territoriale selfbeskikking of outonomie op 'n baie beperkte skaal, naamlik die *plaaslike vlak*. Hierdie is dan die tweede moontlike vlak van outonomie. Al gee die private aard van die nedersetting 'n uniekheid aan Orania, funksioneer die dorp steeds binne die bepalings van die tersaaklike nasionale en provinsiale wette. As sodanig skep Orania 'n presedent vir ander private inisiatiewe in kulturele-*cum*-territoriale outonomie op munisipale vlak. Terselfdertyd kan Orania dien as rolmodel vir gemeenskapsbemaagtiging op plaaslike vlak, gegewe die dorp se klem op ekonomiese ontwikkeling en kulturele vryheid. Moontlik kan sommige bestaande dorpe die Orania-model in gemeenskapsbemaagtiging probeer volg, maar sonder om die pad van privatisering te loop en sonder Orania se kleur-gebaseerde eksklusiwiteit. Welke roete ookal gevolg word (die private of 'openbare'), moet beklemtoon word dat die statutêre ruimte vir plaaslike outonomie reeds bestaan. Ingevolge die grondwet (artikels 99, 104, 126 en 156) kan bevoegdhede en funksies (insluitend kultuur) na munisipaliteite afgewentel word deur wette van die Parlement, besluite van provinsiale wetgewers en versoeke van munisipale owerhede. Die afwenteling kan so 'n omvang bereik dat 'n munisipaliteit aanspraak sou kon maak op provinsiale status en sodoende 'n status verkry vergelykbaar met dié van Hamburg, Brussel en Basel. Orania self sou moontlik hierdie verhoging in status kon bereik deur oor beide munisipale en provinsiale bevoegdhede te beskik. Benewens die benutting van bestaande grondwetlike moontlikhede, kan ambisieuse plaaslike owerhede ook kers opsteek by die reeds vermelde munisipale reëlings in Finland.

Betekenisvolle territoriaal-gebaseerde selfbeskikking of outonomie met die doel om kulturele vryheid vir Afrikaanstaliges uit te bou, vereis ook iets meer ambisieus as Orania (maar steeds minder radikaal as 'n onafhanklike volkstaat). Die derde vlak van outonomie wat aan die hand gedoen word, is dié van 'n *Afrikaanse streek of provinsie*, 'n staatkundige entiteit wat vergelykbaar sal wees met Quebec, Vlaminge of die Baskiese gebied.

Die bestaande provinsie wat hom die beste tot so 'n Afrikaanse tuiste leen, is die Noord-Kaap. Sowat 68 persent van die inwoners is Afrikaans-moedertaalsprekers (gevolg deur die Wes-Kaap met 55%). Boonop is die Noord-Kaap die provinsie met die kleinste bevolking (sy 822 726 inwoners verteenwoordig minder as 2% van die nasionale bevolking) maar die grootste geografiese gebied (wat 29,7% van die land se

oppervlakte beslaan, teenoor die naasgrootste provinsie, die Oos-Kaap, se 13,9%). 'n Afrikaanse streek hoef nie die ganse Noord-Kaap te omvat nie; wat belangrik is, is dat 'n gebied geïdentifiseer word wat, soos Wiechers dit stel, 'histories, kultureel en demografies geormerk kan word om eendag die territoriale basis vir 'n Afrikaner-provinsie te wees'. (Wiechers het die woord 'Afrikaner' stellig in 'n inklusiewe sin gebruik; in hierdie besprekingsdokument word 'n Afrikaanse streek eweneens nie aan ras of kleur gekoppel nie.) 'n Afrikaanse streek hoef ook nie tot die Noord-Kaap beperk te wees nie; dele van die Wes-Kaap sou ook op demografiese en historiese gronde vir so 'n status kwalifiseer. Huidige provinsiale grense hoef nie 'n beletsel op die oprigting van 'n Afrikaanse streek of provinsie te plaas nie omdat hulle wetlik gewysig kan word. Dis ook moontlik dat die inwoners van 'n bepaalde area by wyse van 'n referendum kan aandrang op die totstandkoming van hul eie provinsie.

Wiechers doen 'n proses aan die hand vir die stigting van 'n Afrikaanse streek. Die eerste stap is dat leiers van die Afrikaanse gemeenskap onderling 'n verklaring van voorneme onderhandel oor die wenslikheid en aard van so 'n territoriale entiteit. Die dokument sou deur 'n verteenwoordigende Afrikaanse kultuurraad (soos vroeër in hierdie besprekingstuk voorgestel) opgestel word. Wanneer dit daarna by die opstel van 'n grondwet kom, moet 'die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur onomwonde – maar sonder diskriminasie – as daadwerklike doelstelling verklaar word', om Wiechers weer aan te haal. Wat burgerskap betref, doen Wiechers aan die hand dat elke Suid-Afrikaanse burger, hier of in die buiteland, vry moet wees om 'n burger oftewel 'stemgeregtigde deelnemer' te kan word. Diegene wat buite die territoriale entiteit woon maar daarmee wil assosieer, kan 'assosiatiewe burgerskap' verkry. Voorts sal daar in die beplanningsfase duidelikheid verky moet word oor die territoriale grense van die Afrikaanse streek. Op een of ander stadium in die proses van streekskepping behoort daar, volgens Wiechers, 'n referendum oor die oprigting van 'n Afrikaanse provinsie gehou te word.

Aan die ekonomiese front beveel Wiechers aan dat 'n jaarlikse 'belasting' van sowat R200 op inwonende en 'uitwonende' burgers gehef word om die hele projek te help finansier. Hy stel ook die stigting van 'n ontwikkelingsbank vir die streek voor. Omdat gemeenskapsontwikkeling 'n wesenlike element van 'n omvattende outonomie-pakket sal moet wees, kan moontlik ook gesteun word op wyle Johan van Zyl se gedagte 'ekonomiese lokaliseringsprogramme' wat agtergeblewe gemeenskappe groter bevoegdheid gee om op plaaslike vlak selfstandige besluite oor ontwikkeling te neem. Met die oog op verstedeliking in die Noord-Kaap kan Paul Romer se idee van 'charter cities' dalk interessante moontlikhede inhou. Gebaseer op die ekonomiese sukses van Hong Kong en Sjina se spesiale ekonomiese sones, stel Romer

voor dat die formule elders ter wêreld – Afrika inklus – gebruik word om ordelike, ontwikkelingsgeoriënteerde verstedeliking te laat plaasvind. Voorts is ‘n taalstreek sonder sy eie universiteit ondenkbaar.

Die laaste en mees onortodokse element van Wiechers se voorstel is dat die aanvaarding van ‘n grondwet vir die Afrikaanse provinsie opgevolg moet word met ‘n verkiesing vir die instel van ‘n ‘virtuele regering’ om die voorgestelde provinsie intussen virtueel te ‘reger’ en voor te berei vir die entiteit se fisieke vestiging. Alternatiewelik sou ‘n Afrikaanse gemeenskapsraad die vestigingsproses kon bestuur totdat ‘n verkose regering die nuutgeskepte provinsie begin regeer.

Opsommenderwys word drie vlakke van outonomie vir die Afrikaanse gemeenskap in die vooruitsig gestel: die kommunale vlak by wyse van ‘n gemeenskaps- of kultuurraad; munisipale vlak in die vorm plaaslike owerhede na wie provinsiale bevoegdhede afgewentel word; en streeksvlak in die gedaante van ‘n Afrikaanse provinsie. Hierdie voorstelle is nie onderling uitsluitend nie en kan gelyklopend of opeenvolgend geïmplementeer word.

Taktiese optrede

‘n Wye verskeidenheid taktieke kan gebruik word om die voorgestelde strategie vir kulturele vryheid te help verwesenlik. Die verskillende aksies kan in vier konsentriese sirkels geplaas word; in praktyk sal ‘n kombinasie van optredes uit meer as een sirkel tegelykertyd gebruik moet word. Meeste van die taktieke is welbekend en word reeds aangewend, maar nou kan hulle as deel van ‘n strategie vir kulturele vryheid ingespan word.

Die eerste en binneste sirkel behels *intra-gemeenskapsaksies*, in hierdie geval taktieke wat binne die breë Afrikaanse gemeenskap gebruik moet word. Een hiervan is die vorming van ‘n breë koalisie van Afrikaner burgerlike organisasies om ‘n wye steunbasis onder Afrikaners vir die voorgestelde strategie te verkry. Die ABN het reeds goed gevorder op hierdie pad. Daarnaas moet aktiewe steun in die gelede van bruin Afrikaanstaliges gemobiliseer word vir die voorgestelde strategie vir kulturele vryheid, hetsy prominente individue of verteenwoordigende organisasies soos kultuurliggame en vakbonde. Om onderlinge vertroue te help skep, mag dit raadsaam wees om ‘n kultuurakkoord tussen belangstellende Afrikaanse organisasies te sluit. Daarin kan enersyds die verdeeldhede en ongeregtighede van die verlede erken en andersyds gedeelde voornemens vir die toekoms uitgespel word. Van die voornemens

is die instelling van 'n verteenwoordigende Afrikaanse gemeenskapsraad wat o.m. belas sal word met die opstel van 'n handves vir kulturele vryheid. Omdat Afrikaanstaliges verskillende kompeterende politieke partye ondersteun, mag dit raadsaam wees om partye nie by die koalisie te betrek nie vanweë die verdelende uitwerking wat dit mag hê. Benewens getalle, moet 'n koalisie ook hoë openbare sigbaarheid en hoorbaarheid verseker; soos Napoleon opgemerk het, 'tien mense wat praat, maak meer lawaai as tienduisend wat stilbly'.

'n Gans ander tipe intra-gemeenskapsaksie, wat reeds diep wortel geskiet het onder wit Afrikaners, is 'n verskeidenheid self-help inisiatiewe. Dit gaan nie net om die privatisering van dienste wat nie aan onbeholpe openbare instansies toevertrou kan word nie, maar ook om die positiewe uitbouing van hierdie groep Afrikaanstaliges se kulturele vryheid. In die proses word die las op die openbare sektor nietemin verlig deurdat 'n segment van die samelewing al hoe meer na sy eie behoeftes omsien. In 'n ontwikkelende staat wat worstel met enorme armoede, is dit bepaald tot die regering se voordeel dat hierdie soort selfstandigheid posvat. Bekende voorbeelde is die sosio-kulturele aktiwiteite van die Solidariteit-beweging; die Vereniging vir Regslui in Afrikaans se vertaling van landswette in Afrikaans; en die oprigting van Afrikaanse privaatskole en –kolleges. Op onderwysterrein is dit wenslik om die haalbaarheid van 'n plaaslike- of satellietkampus van 'n Nederlandse of Vlaamse universiteit – wat onderrig hoofsaaklik in Afrikaans aanbied – te ondersoek. Die oprigting van 'n onafhanklike Afrikaanse onderwyskollega verdien ook aandag. Daar is egter perke aan privatisering. As belastingbetalers het Suid-Afrikaners regmatig aanspraak op openbare dienste. Voorts is geprivatiseerde dienste vir 'n baie groot deel van die Afrikaanse gemeenskap eenvoudig onbekostigbaar. En vir Afrikaans sal dit 'n kwade dag wees as die taal só 'geprivatiseer' word dat dit mettertyd tot die private sfeer beperk is.

Die tweede sirkel bestaan uit *simpatiseerders en vennote buite die Afrikaanse gemeenskapskring*, maar steeds binne Suid-Afrika. Hier is die vernaamste teikengehoor ander gemeenskappe wat ook 'n hoë premie op die behoud van hul kulturele identiteit plaas, soos swart gemeenskappe wat in die Huis vir Tradisionele Leiers verteenwoordig word.

In die derde sirkel gaan dit om *interaksie met die regering*, veral op sentrale vlak. Gesprekvoering en mettertyd onderhandeling met die regering is vanselfsprekend noodsaaklik vir vordering met die uitbouing van kulturele vryheid. 'n Voorstel wat moontlik in hierdie verband aan die regering gemaak kan word, is dat 'n formele verstandhouding uitgewerk word oor die wenslikheid van groter kulturele vryheid en die proses om dit te bereik. Dit kan die vorm aanneem van 'n 'kulturele skikking' ('n variasie op die gedagte van 'n 'opvolgskikking' soos veral deur prof. Pierre du Toit voorgestaan) of 'n

‘kultuurkontrak’ of ‘n ‘kontrak vir kulturele vryheid’. Hierdie gedagtes sluit aan by die voorstel wat vroeër gemaak is oor ‘n handves vir kulturele vryheid. ‘n Afrikaanse gemeenskapsraad behoort as mondstuk van die gemeenskap op te tree in gesprekke met die regering en as verteenwoordigende forum vir die Afrikaanse gemeenskap ‘n kulturele skikking met die regering te onderhandel.

Dit sou ook vir verteenwoordigende Afrikaanse organisasies wenslik wees om aan te bied om die regering konstruktief by te staan in die nakoming van sy grondwetlike verpligtinge teenoor taal, godsdiens- en kultuurgemeenskappe. Terselfdertyd bly dit nodig om die sentrale, provinsiale en munisipale regerings se hantering van gemeenskapsregte voortdurend te monitor (soos reeds aangeroer in die afdeling oor die benutting van die bestaande politieke ruimte). Hiervoor kan ‘n meetinstrument van kulturele vryheid dalk ontwikkel word. Waar regte geskend word weens versuim, onbeholpenheid of kwaadwilligheid, moet die oortreders tot verantwoording geroep word. Benewens hulle in die openbaar te ‘name, blame and shame’, kan die aandadiges in bepaalde gevalle voor die hof gedaag word en sekere klagtes kan ook by Pansat gelê word. Ernstige gevalle van benadeling waarvoor geen bevredigende binnelandse remedies gevind kan word nie, kan by internasionale instansies aanhangig gemaak word (sien die vierde sirkel). ‘n Ander vorm van aktivisme gerig op die regering, is om aan te dring op Suid-Afrika se volledige nakoming van die VN se Deklarasie oor die Regte van Persone wat Behoort aan Nasionale of Etniese, Godsdienslike of Linguïstiese Minderhede (1992).

Die vierde en buitenste sirkel bestaan uit *interaksie met die buiteland*, oftewel die internasionalisering van die strewe na groter kulturele vryheid in Suid-Afrika. In die soeke na buitelandse simpatiseerders en vennote, behoort voorkeur aan Nederland en Vlaminge gegee word weens die ooglopende taalverbintenis. Daar is ook talle ander multikulturele samelewings met wie Afrikaanstaliges d.m.v. hul verteenwoordigende organisasies kan skakel. Binne die familie van Germaanse tale is daar benewens die Nederlanders en Vlaminge verskeie ander taalgemeenskappe met wie Afrikaners kan probeer bande smee. Weens die Nederlandse kulturele invloed in Suriname, Indonesië en die Nederlandse Antille asook ons historiese verbintenis met Maleisië, behoort hierdie lande ook as deel van Afrikaanse ‘kulturele diplomاسie’ bearbei te word. Elders in Afrika moet daar dosyne kultuurgroepe wees wat hulle met die gedagte van kulturele vryheid kan vereenselwig. Demokrasering (met die gepaardgaande groter openheid en vryheid in baie state) en globalisering (aangedryf deur kommunikasie-tegnologie) is belangrike hulpmiddels in die internasionalisering van die voorgestelde veldtog vir kulturele vryheid in Suid-Afrika. Dink byvoorbeeld aan ‘n wêreldwye virtuele netwerk ‘vriende van Afrikaans’.

Daar kan voorts geskakel word met internasionale nie-regeringsorganisasies soos die Unrepresented Nations and Peoples' Organisation (UNPO), die Federal Union of European Nationalities (FUEN) en die Minority Rights Group International. Dit mag ook nuttig wees om aan te klop by sommige van die tientalle buitelandse akademiese- of navorsingsorganisasies wat hulle met minderheidskwessies en selfbeskikking bemoei. Onder hulle is die European Centre for Minority Issues (Flensburg, Duitsland), die Minorities at Risk Project aan die Universiteit van Maryland (VSA), die Institute for Minority Rights van die Europese Akademie in Bolzano (Italië), die Liechtenstein Institute on Self-Determination by Princeton Universiteit, en die private Lannan Foundation (Santa Fe, VSA) wat jaarliks die Lannan Prize for Cultural Freedom toeken.

'n Laaste aspek van internasionalisering is die indien van klagtes by internasionale liggame oor die skending van taal- en kultuurregte deur owerheidsinstansies in Suid-Afrika. Van die vernaamste instellings vir hierdie doel is die VN se menseregtekomitees en die wêreldliggaam se Forum vir Minderheidskwessies en dié se Onafhanklike Deskundige oor Minderheidskwessies; die Afrika-unie se Kommissie oor die Regte van Persone en Volke (African Commission on Human and Peoples' Rights) en die Pan-Afrika Parlement; en die Tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (gesetel in Windhoek). Soos genoem, behoort die lê van sulke klagtes teen ons eie regering slegs gedoen te word indien besware en verhoë uit Afrikaanse geledere volhardend geïgnoreer of geminag word.

Opsommederwys is vier sirkels van taktiese optrede aan die hand gedoen. Die intra-gemeenskapsirkel bevat koalisievorming en self-helpinisiatiewe in die Afrikaanse gemeenskap. Die volgende sirkel bestaan uit inter-gemeenskapsaksies wat toegespits is op steunwerwing van plaaslike groepe buite die Afrikaanse gemeenskap. Die derde sirkel behels verskeie soorte interaksie met die regering. In die buitenste sirkel word die strewe na groter kulturele vryheid geïnternasionaliseer deur die Afrikaanse gemeenskap se skakeling met instansies in die buiteland.

Riglyne vir politieke geloofwaardigheid

In die lig van Suid-Afrika se geskiedenis van geïnternaliseerde rassisme en gedwonge rassiesekeiding, moet voorstelle oor die bevordering van gemeenskapsbelange en –regte met omsigtigheid aangebied word; die ANC en sy volgelinge is verstaanbaar hiper-allergies vir enige planne wat klink na neo-apartheid. Die volgende stel riglyne mag help om sulke voorstelle se politieke geloofwaardigheid te verseker.

- Die voorstelle moet volledig strook met moderne internasionale opvattinge en praktyke van demokrasie en menseregte.
- Daar mag geen sweem van bevoordeling van een groep bo 'n ander wees nie; die beginsel van gelykheid tussen mense ongeag kleur, taal, kultuur, geslag, klas of afkoms moet eerbiedig word.
- Die voorstelle moet versoenbaar wees met die grondwet se bepalings oor die demokratiese aard van Suid-Afrika se politieke bedeling, wat gekoppel word aan maatskaplike geregtigheid, basiese menseregte, regering gegrond op die wil van die bevolking, alle burgers se gelyke beskerming deur die reg, en 'n oop samelewing. Waar die huidige strategiese plan voorstelle maak vir grondwetlike wysigings, moet steeds met hierdie onderliggende waardes strook.
- Individue se identifisering met groepe of gemeenskappe is heeltemal vrywillig.
- 'n Afrikaner- of Afrikaanse groepsidentiteit en –lojaliteit is nie strydig met Suid-Afrikanerskap nie. Mense het tipies 'n veelvoud van identiteite en lojaliteite, bv. binne gesins- en familieverband, die werksopset, op sosio-kulturele vlak (verbintenis tot 'n sekere taal-, kultuur- of godsdienegroep, steun vir sekere sportspanne) en geografiese omgewing (identifisering met 'n bepaalde dorp, stad, streek of provinsie). Dis eweneens 'n wêreldwye verskynsel dat mense se hoogste politieke lojaliteit teenoor hul eie staat is, en dat ander vlakke van lojaliteit sekondêr is.
- Voorgaande punt impliseer dat die belange van gemeenskappe (waarvan die behoud van hul identiteit 'n kernelement is) heeltemal versoenbaar is met die belange van die breë samelewing. Waar 'n heterogene samelewing sy diversiteit as 'n bate en verryking beskou, sal die beskerming en bevordering van die belange van sy samestellende komponente as 'n algemene belang beskou word. Boonop sal minderhede wat voel dat hul identiteit veilig is in die breër samelewing en dat hulle erken, gerespekteer en waardeer word, meer geredelik lojaal aan die samelewing en sy instellings en simbole (soos die parlement, polisie vlag en nasionale lied) wees as minderhede wat vrees vir hul belange en voortbestaan.
- Die toekoms van die breë Afrikaanse gemeenskap is ten nouste verweef met die lotgevalle van ons ander landgenote. Omdat Afrikaanstaliges hulle nie op 'n spreekwoordelike eiland van die res van Suid-Afrika kan afsonder nie, is dit vir hierdie gemeenskap van deurslaggewende belang dat die land so stabiel en welvarend moontlik moet wees. Daarom het die Afrikaanse gemeenskap 'n morele plig en pragmatiese belang om al die mense van Suid-Afrika te help ophef sodat ons nie almal saam ondergetrek word nie.

Ontwikkeling van die besprekingsdokument

Sou die voorgestelde strategie vir groter kulturele vryheid deur die ABN aanvaar word, vereis die dokument grootskaalse verfyning. Dit kan bes moontlik gedoen word deur kleinerige deskundige werksgroepe wat bepaalde aspekte nader ondersoek en konkrete voorstelle vir implementering formuleer. Verslae wat deur werksgroepe opgestel word, kan deur 'n paneel van vakkundiges asook verteenwoordigers van die ABN beoordeel word. Ander individuele kundiges kan ook genader word om kommentaar op die besprekingsdokument te lewer en om bydraes tot die werksgroepe te maak.

Die agenda vir verdere ondersoek sluit die volgende temas in:

- Die inhoud van 'n Suid-Afrikaanse taalwet
- Die behoud en bevordering van onderwys (op alle vlakke) in Afrikaans
- Die instelling van 'n Afrikaanse gemeenskaps- of kultuurraad
- Die opstel van 'n handves vir kulturele vryheid
- Die politiek-staatkundige sowel as die ekonomiese, demografiese en sosio-kulturele elemente van elke vlak van outonomie. Kan of behoort die verskillende soorte outonomie gelyktydig of opeenvolgend nagestreef te word?
- Die spesifieke taktiese optredes wat in elk van die vier sirkels gepas sal wees in die lig van die strategiese doelwitte en politieke werklikhede.

Op een of ander stadium in hierdie opvolgproses kan 'n internasionale konferensie moontlik gehou word om ook insette van buitelandse kundiges te kry en die strategiese plan aan 'n wyer gehoor bekend te stel.

Bronnelys

Beeld, 10 & 13 Februarie 2010, 1 & 2 Desember 2010

China's autonomous regions, About.com Guide (internet)

Die Vrye Afrikaan, 19 Mei 2006

Du Toit, P, 'Why post-settlement settlements?', *Journal of Democracy*, volume 14(3), Julie 2003

Duvenhage, A & J Steyn, *Die Afrikaner op Pad na 2020 – Scenario-perspektiewe*, ABN, 2010

Embassy of the Russian Federation in Ireland (internet)

Ethnic groups in Russia, Wikipedia (internet)

Euromosaic, Swedish in Finland, <http://www.uoc.edu/euromosaic/web/document/suec/an/e1/e1.html>.

Forbes Global, 21 September 2009 (internet)

Geldenhuys, D, "n Internasionale perspektief op selfbeskikking in Suid-Afrika, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, volume 46(4), Desember 2006

Geldenhuys, D & J Rossouw, *The International Protection of Minority Rights*, FW de Klerk-stigting, Kaapstad, 2001

Gunn, D, 'Can "charter cities" change the world? A Q&A with Paul Romer', *New York Times*, 29 September 2009 (internet)

International Crisis Group, *Ethiopia: Ethnic Federalism and its Discontents*, Africa Report 153, 4 September 2009 (internet)

Kriek, DJ, 'Kultuurrade vir 'n demokratiese Suid-Afrika: Historiese oorsig oor die konstitusionalisering en institusionalisering van kultuurbelange in 'n plurale samelewing', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, volume 34(3), Desember 2009

Kriek, DJ, 'Afrikaner/Afrikaanse Konfederasie van Kultuurverenigings', ongepubliseerde dokument, 1 Augustus 2010

Kriek, DJ, 'Hoe kan die Suid-Afrikaanse grondwet gebruik word om die reg tot selfbeskikking waarvoor in artikel 235 voorsiening gemaak word, in die praktyk te verwesenlik?', ca 1995, dokument bekom van Solidariteit

Kymlicka, W, *Multicultural Citizenship: A Liberal Theory of Minority Rights*, Clarendon Press, Oxford, 1995

Landman, C, brief in *Beeld*, 2 Desember 2010

Nordic way Directory, Swedish language in Finland, [Http://www.nordicway.com/search/Swedish%20Language.htm](http://www.nordicway.com/search/Swedish%20Language.htm)

Romer, P, 'For richer, for poorer', *Prospect*, 27 Januarie 2010 (internet)

Romer, P, 'Think tank: Charter cities are the way to Third World prosperity', *The Sunday Times* (Londen), 31 Januarie 2010 (internet)

Sisk, T, *Power Sharing and International Mediation in Ethnic Conflicts*, United States Institute of Peace, Washington DC, 1996

Slimane, S, 'Recognizing minorities in Africa', *Minority Rights Group International Briefing*, 2003

States and territories of India, Rang7 Guides (internet)

Svenskfinland.fi, <http://svenskinland.fi>

Taylor, C, 'The dynamics of democratic exclusion', *Journal of Democracy*, volume 9(4), 1998

UNDP, *Human Development Report 2004: Cultural Liberty in Today's Diverse World*, UNDP, New York, 2004

UNESCO, General Conference adopts Universal Declaration on Cultural Diversity, 2002 (internet)

U.S. Department of State, Background Note: Russia 14 Junie 2010 (internet)

U.S. English Foundation, Finland, <http://www.usefoundation.org.view/222>

Viljoen, G, 'Wat is 'n volk? Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir nasionalisme', in Van Rensburg, FIJ (redakteur), *Oopgelate Kring*, Tafelberg, Kaapstad, 1982

Wiechers, M, Voordrag gelewer by die konferensie oor artikel 235 en die politiek van selfstandigheid, Orania, 20-22 Oktober 2005

Wiechers, M, "n Virtuele vastrapplek', dokument bekom van Solidariteit

Wikipedia, Swedish-speaking Finns, http://en.wikipedia.org/wiki/Swedish_minority_in_Finland

Wolff, S, *Disputed Territories: The Transnational Dynamics of Ethnic Conflict Settlement*, Berhahn Books, New York, 2003.